***MEDIAVERKLARING*** ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

**ERFENISDAG GEVIER MET KULTUUR**

**Pretoria, 12 September 2013.** Die gewilde antiek- en versamelaarsmark by die Voortrekkermonument sal hierdie jaar op Erfenisdag, 24 September, met ‘n kultuurfees saamval. Die antiekmark sal oudergewoonte op die dak van die groot amfiteater plaasvind en die kultuurfees op die piekniekterrein van die Monument. Beide die mark en die kultuurfees duur van 09:00 tot 15:00.

Dit is die laaste antiekmark van die jaar en soos gewoonlik is al 169 stalletjies propvol met iets vir almal, soos munte, medaljes, porselein, edelgesteentes, juweliersware, kunswerke, boeke, ou plate en poppe, ou speelgoed, radio’s, kameras, ens.

Die kultuurdag bied iets van alles – daar is musiek van die Boeremusiekgilde, Adam Tas en die ATKV-sangers. Mense kan kom kyk hoe word brood in ‘n outydse bakoond gebak, seep gekook, kerse gemaak, wabande gekort, swepe gevleg en vele meer tradisionele demonstrasies.

Vir die dames word demonstrasies van hekel-, borduur-, kwilt- en kantwerk aangebied, terwyl heerlike eetgoed en interessante snuisterye te koop sal wees. Om 12:00 gaan die 200-jarige skeepskanon Susanna vreedsaam bulder om Groot Trek 175 te herdenk.

‘n Ander hoogtepunt van die dag is die veiling van outydse rytuie wat deur prof. Erik Holm gereël word. Tans is daar ‘n Berlinerkoets, halftentbokwa, ‘n oop landau, Victoria met ‘n afslaankap en ‘n dubbelbankkapkar met dubbeldisselboom. Hierdie rytuie is outentiek en pragtig gerestoureer.

Lieb Bester, alias prof. Fritz Retief van *Sewende Laan*-faam, is die aankondiger en gaan ons ook met sy musiek vermaak.

Daar is verversings en ‘n restaurant by die antiekmark, asook ‘n paar stalletjies met heerlike deli-kosse. Veilige parkering is beskikbaar teen slegs R20 toegang per voertuig. Die terrein is veilig en kinders kan oral hardloop en speel.

Navrae aangaande die antiekmark kan gerig word aan Geraldine by 012 326 6770 of by bemarking@vtm.org.za. Navrae aangaande die kultuurfees kan gerig word aan Etta Judson by museum@vtm.org.za.

---

**UITGEREIK DEUR:**
**SONJA LOMBARD**
**BESTURENDE DIREKTEUR**
**VOORTREKKERMONUMENT**
**Tel: 012 326 6770**
**Faks: 012 326 8374**
**E-pos: sonja@vtm.org.za**